# HOOFSTUK 6

# DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDES

## 6.1 INLEIDING

Waar die interne struktuur, organisasie en leerlingtal van skole vir blindes in hoofstuk 4 aan die orde gestel is, sal die onderwysprogram as sodanig in die onderhawige hoofstuk bespreek word. Aspekte wat aangesny sal word, is groepering van leerlinge, aanbieding van leerinhoude, sillabusse, kurri= kula, eksaminering en bevordering van leerlinge. Nadat die situasie aan skole vir blindes in die RSA in oënskou geneem is, sal enkele knelpunte in hierdie verband aan skole vir blindes in sekere oorsese lande bespreek word.

## 6.2 DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

### 6.2.1 DIE PRE-PRIMêRE ONDERWYSPROGRAM

#### 6.2.1.1 Groepering van leerlinge

Sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria laat blinde leerlinge vanaf vyfjarige ouderdom tot 'n voorbereidende klas toe waar hulle as heterogene groep wat betref kognitiewe, affektiewe en selfstandigheidsontplooi= ing vir toetrede tot meer formele onderrig voorberei word. Dit gebeur egter soms wel dat blinde kinders hulle eers op ses-, sewe- en selfs agtjarige ouderdom vir toelating aanmeld.

In 1973 was daar 7 blinde leerlinge in die voorbereidende klas aan die Prinshofskool. Aan die Skool vir Blindes was daar in 1974 gesamentlik 9 leerlinge in die voorbereidende klas (klein substanderd A) en substanderd A en hulle is in dieselfde klasgroep onderrig. Afrikaans- en Engelssprekende

blinde kleuters is aan albei skole in dieselfde klasgroep onderrig (kyk bylae A, v. 1.5 en 1.7).

### 6.2.1.2 Inhoud van die pre-primêre onderwysprogram

#### a. Klaskameraktiwiteite

Die primêre doel met die pre-primêre onderwysprogram aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool, is om die blinde kleuters voor te berei vir meer formele onderrig. Sekere aspekte van die leerinhoude wat onderskeidelik in substanderd A aan die Skool vir Blindes en graad 1 aan die Prinshofskool aangebied word, word deur die personeel verwerk om as riglyne by die onderrig van hierdie kinders te dien. Aspekte wat in hul onderrigprogram ingesluit word, is onder andere getals= begrippe en eenvoudige werk op 'n telbord; mondelinge werk in Afrikaans vir Afrikaanssprekende en in Engels vir Engels= sprekende kinders (onder andere die voordra van gedigte en inskakeling op kinderprogramme oor die radio); godsdienson= derrig; onderrig aangaande die eie gesondheid; sang en musiek met besondere beklemtoning van ritme; kennis van hul omgewing; elementêre handwerk (hoofsaaklik met die oog op tassintuiglike oefening en spierkoördinasie); die verduideliking van die brailletikmasjien, die oefening van ritmiese tikwerk met be= hulp van musiek en die elementêre beginsels van brailleskrif.

#### b. Buitemuurse aktiwiteite

Die onderwysprogram word buite die klaskamer voortgesit. Be= sondere aandag word aan werklikheidsoriëntasie en bevordering van mobiliteit gegee. Die leerlinge word gehelp om met self= vertroue te beweeg en om 'n mate van selfstandigheid te ver= werf. Hulle word ook geleer hoe om te speel. Toepaslike

speletjies word deur die onderwysers beplan, terwyl besondere aandag aan liggaamsoefeninge gegee word. Leerlinge word ge= help om hul leefwêreld uit te brei deur na die dinge geneem te word en dit te betas, terwyl die onderwysers die dinge aan hul beskryf en verduidelik.

In die koshuise verleen onderwysers en koshuispersoneel hulp aan leerlinge ten aansien van aangeleenthede soos korrekte eetgewoontes, die afronding van toiletgebruike, aan- en uit= trek, die aan die kant maak van hul kamers en die bevestiging van ander korrekte sosiale gedragswyses. Die pre-primêre leerlinge word ook by kulturele aktiwiteite ingeskakel, by= voorbeeld eredienste en die Sondagskool (kyk bylae A, v. 4.2 en 4.11).

### 6.2.1.3 Die oorplasing van leerlinge na graad 1 of substanderd A

Die tydperk wat leerlinge hul in die voorbereidende klas be= vind, word bepaal deur die vordering wat hulle maak. Leer= linge wat bewys daarvan lewer dat hulle in 'n meer formele klaskamersituasie tereg sal kan kom en sal kan voldoen aan die eise wat ten opsigte van die skolastiese aan hulle gestel gaan word, word na graad 1 of substanderd A oorgeplaas. Som= mige leerlinge vertoef dan ook minder as 'n jaar in die voor= bereidende klas, terwyl ander tot twee jaar in die voorberei= dende klas bly. Sommige van die leerlinge wat na twee of meer jare in die voorbereidende klas nie noemenswaardige vor= dering gemaak het nie, word as "ononderrigbaar" na hul ouer= huise terugverwys (kyk bylae A, v. 5.30).

#### 6.2.1.4 Slotopmerkings

a. Die genoemde heterogeniteit* van kinders (kyk 6.2.1.1) wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes toegelaat word, is veral aan twee faktore toe te skryf, naamlik die verskil in die intellektuele moontlikhede van die kinders en die verskil in die opvoedings- en onderrigpoging van ouers van blinde kinders gedurende die kind se voorskoolse jare. 'n Tydperk in 'n voorbereidende klas is dan ook onontbeerlik in 'n poging om blinde kinders die *vereiste vlak van skoolge=reedheid* te help verwerf (dit wil sê opvoedende bemoeienis ten aansien van die ontplooiing van potensialiteite soos so=sialisering, selfstandigheid, emosionaliteit, intellektuali=sering, spierkoördinasie en moreel-etiese gevormdheid), voor=dat hul na graad 1 of substanderd A oorgeplaas word.

b. Die tydperk wat blinde kinders in die voorbereidende klas deurbring, dien dus in besonder ook as 'n *evalueringstydperk*. Waar dit, wat betref die blinde kind van voorskoolse ouderdom, besonder problematies is om vas te stel in watter mate 'n ontplooiingsagterstand aan pedagogiese verwaarlosing, gebrek=kige opvoedingskennis van die ouers of verstandelike vertra=ging toe te skryf is, kan gedurende die tydperk wat hy in die voorbereidende klas vertoef, tot groter kennis van die kind

---

*Swart (1975) wys daarop dat die chronologiese ouderdom van die leerling gerieflikheidshalwe dikwels as maatstaf vir sy algemene ontplooiing geneem word. Die verstandelike ontplooiing van slegs 68 persent van alle leerlinge korreleer egter met hul chronologiese ouderdom. Die ontplooiing van die oorblywende 32 persent leerlinge is dus nie in ooreenstemming met hul chro=nologiese ouderdom nie (p. 2). Waar die blinde leerling (ook die voorskoolse blinde kind) gespesialiseerde onderrig vereis, kan verwag word dat die ontplooiing van 'n groter per=sentasie van hierdie kinders nie met hul chronologiese ouderdom korreleer nie wat die noodwendigheid van differensiasie onder=streep.

se moontlikhede gekom word.

c. Die voorbereidende klas maak *indiwidualisering ten aansien van "skooltoelating"* moontlik. Die stadium waarin 'n leer=ling na graad 1 of substanderd A oorgeplaas word, word deur die vordering van elke indiwiduele leerling bepaal.

d. Soos vermeld, is die kinders in die voorbereidende klas 'n besondere heterogene groep. Hierdie kinders vereis dus soda=nige indiwiduele aandag met betrekking tot die opvoeding en onderwys dat die klasgrootte tot die minimum beperk moet word. Die *saamgroepering van leerlinge* in die voorbereidende klas met leerlinge in graad 1 of substanderd A sou ook doel=treffende onderrig bemoeilik.

e. Tydens die verkenningsbesoeke aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria, was daar in 'n besondere mate blyke van *pedagogies verantwoorde optrede* deur die onderwyseresse wat verantwoordelik is vir die voorberei=dende klasse. Die besondere intieme verhouding tussen kleu=teronderwyseresse en die blinde kinders was opvallend en ma=nifestasies van 'n belewing van geborgenheid deur die kinders was merkbaar. Die kinders was besonder spontaan maar tog eerbiedig in hul optrede teenoor die onderwyseresse. Outori=têre gesagsuitoefening was opmerklik afwesig en lyfstraf is slegs by hoë uitsondering toegedien. Die onderwyseresse het steeds hul vertroue in die verwerkliking van die ontplooiings=moontlikhede van die leerlinge gestel, selfs wanneer daar slegs geringe tekens van vordering vertoon is. Ook het on=derwyseresse gewaak teen die moontlikheid van oorbeskerming en positiewe pogings aangewend om die kinders te help om on=afhanklikheid op verskillende terreine van hul daaglikse doen en late te verwerf en hul aan selfvertroue te laat wen.

### 6.2.2 DIE PRIMêRE ONDERWYSPROGRAM

#### 6.2.2.1 Groepering van leerlinge

Die grootte van die verskillende klasgroepe in die primêre afde= ling (substanderd A tot standerd 5) aan die *Skool vir Blindes* te Worcester het in 1974 gewissel tussen 5 en 9 blinde leerlinge. Die enkele Engelssprekende leerlinge in die verskillende standerds is saam met die Afrikaanssprekendes in dieselfde klasgroepe onder= rig. Afgesien van die groepering van blinde en swaksiende leer= linge in afsonderlike klasgroepe en die uitplasing van leerlinge na Aanpassings- en Hulpklasse, word daar in die gewone primêre standerds geen verdere differensiasie by wyse van die groepering van leerlinge in dieselfde standerd in verskillende klasgroepe, toegepas nie. Sodanige verdere differensiasie word ook nie werk= lik nodig geag nie, aangesien bogenoemde uitplasing van leerlinge die heterogeniteit van die blinde kinders in dieselfde standerd ten aansien van intellektuele vermoë en skolastiese bekwaamheid reeds verminder het, en die grootte van die verskillende klas= groepe sodanig is dat indiwidualisering in die onderwys in 'n groot mate moontlik is.

Aan die *Prinshofskool* is 7 graad 1- en graad 2-leerlinge in 1973 gesamentlik in dieselfde klasgroep onderrig. Waar die moontlik= heid nie aan hierdie skool bestaan om blinde leerlinge na 'n Aanpassings- of Hulpklas oor te plaas nie, word soms besondere probleme as gevolg van die heterogeniteit ten aansien van die intelligensie van leerlinge in dieselfde standerd ondervind. Die saamgroepering van graad 1- en graad 2-leerlinge verhoog hierdie heterogeniteit verder (kyk bylae A, v. 1.7).

#### 6.2.2.2 Kurrikula

Aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool word die

volgende vakke aan leerlinge in die *grade* (substanderds aan=
gebied:

Godsdiensonderrig,
Rekenkunde (ook genoem Elementêre Wiskunde),
Afrikaans A of B,
Engels A of B,
Liggaamlike Opvoeding,
Omgewingsleer,
Gesondheidsleer,
Handwerk en
Sang.

Aan die Skool vir Blindes te Worcester word die volgende vakke in *standerds 1 tot 5* aangebied:

Verpligte nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig,
Liggaamlike Opvoeding,
Sang en Handwerk.

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans A of B,
Engels A of B,
Elementêre Wiskunde,
Geskiedenis,
Aardrykskunde,
Gesondheidsleer en
Algemene Wetenskap.

Van standerd 4 af word Tik ook as vak aangebied en vanaf standerd 5 is dit 'n volwaardige eksamenvak. Die onderrig van braille as skryf- en leesmedium begin reeds in substanderd A (graad 1) en tot en met standerd 5 word spesifieke braille-onderrig gegee. Aan

blinde leerlinge in die primêre skool word dus twee vakke aange= bied wat nie aan primêre skole vir normaalsiendes aangebied word nie, naamlik Brailleskrif en Tik as bykomstige skryfmedium. (kyk bylae A, v. 4.4).

#### 6.2.2.3 Sillabusse

Aangesien die Departement van Nasionale Opvoeding nie oor silla= busse vir die primêre skool beskik nie, word die vakke in die grade aan die Prinshofskool *"... aangebied in ooreenstemming met die voorskrifte en leerplanne van die Transvaalse Onderwysde= partement. Indien wenslik word sekere aanpassings gemaak"* (Suid-Afrika, 1970 b, p.69). Die primêre afdeling aan die Skool vir Blindes volg die sillabusse van die Kaaplandse Onderwysdeparte= ment (Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop). Die sillabusse van die Kaaplandse Onderwysdepartement word egter nie volgens die letter nagevolg nie en 'n besondere wendbare bena= dering geld. Indien die hoof en verantwoordelike personeel sou besluit dat sekere gedeeltes van die leerstof vir blindes onoor= komelike probleme oplewer, of vir die blinde in sy leefwêreld nie van betekenis is nie, word daardie gedeeltes weggelaat. Daar word egter sorg gedra dat die standaard van die leerinhoud nie verlaag word nie en wysiginge van sillabusse is onderhewig aan goedkeuring deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Die sillabusse vir Tik in standerds 4 en 5 word aan die skool self opgestel en deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedge= keur. (Kyk bylae A, v. 4.1).

#### 6.2.2.4 Enkele aanbiedingsaangeleenthede

a. Aan die primêre afdelings van sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool funksioneer hoofsaaklik 'n stelsel van *klason= derrig*. Die standpunt word gehuldig dat die jong blinde kind aan 'n spesifieke onderwyser toevertrou moet word wat hy goed kan

leer ken. Die jong blinde kind beleef geborgenheid in die bekende klassituasie en in die teenwoordigheid van 'n besondere onderwyser as vertroueling. In die senior primêre standerds (standerds 3, 4 en 5) word in sekere vakke egter wel vakonderrig gegee, aangesien dit noodsaaklik is dat 'n vakspesialis hierdie vakke doseer (kyk bylae A, v. 5.1).

b. Sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool gee amptelik moedertaalonderrig aan kinders afkomstig uit onderskeidelik Afrikaans- en Engelssprekende huisgesinne. As gevolg van die klein aantal Engelssprekende blinde leerlinge (kyk 4.4.1.4) is dit egter nie moontlik om afsonderlike klasgroepe vir die taalgroepe in te stel nie. 'n Stelsel van *dubbelmediumonderrig* word dus gevolg.

c. In die vak *Omgewingsleer* word leerinhoude van vakke soos Algemene Wetenskap, Geskiedenis en Aardrykskunde gekombineer. Die doel met hierdie vak is onder andere om kleiner blinde kinders eers met hul onmiddellike en later met die verderliggende omgewing bekend te stel en vertroud te maak. Vergesel van hul klasonderwyseres besoek die kinders verskillende instansies. Hierdie verkenningsbesoeke dien terselfdertyd as oriënterings- en beweeglikheidsonderrig vir die kinders.

d. In die primêre afdeling van albei skole word baie aandag aan *handwerk* bestee. Die jong blinde kind is dikwels nog baie lomp met sy hande en soms is die hande nie sterk ontwikkel nie. Waar die blinde kind in 'n besondere mate van die tassintuig afhanklik is en braille as skryf- en leesmedium gebruik, is een van die belangrike doelstellinge met handwerk om die blinde kind te leer om sy hande te gebruik en in besonder om hom te help om fyner tasonderskeidinge te kan maak.

e. Die *onderrig van braille* as lees- en skryfmedium begin reeds

in substanderd A (graad 1) en alle onderwysers aan die Skool vir Blindes is verplig om die kursus in braille wat deur die skool self aangebied word, te deurloop. Sodra 'n leerling as braille=kandidaat toegelaat word en nog oor 'n mate van gesig beskik, beklemtoon die onderwyser by die leerling dat hy hom op sy tassin=tuig as medium van onderrig moet rig en dat hy nie moet probeer om brailleskrif met sy oë te ontsyfer nie. Aanvanklik gebeur dit wel dat 'n mate van weerstand teen die gebruikmaking van braille by braillekandidate te bespeur is en dit is soms vir braillekan=didate moeilik om te aanvaar dat hulle nou as blind beskou word en dat hul gesig sodanig verswak het dat hulle nie meer deur medium van die visuele in die didaktiese situasie tereg kan kom nie.

In hierdie verband skryf Vaughan (1966) dat die metode wat by die onderrig van braille gebruik word om die kind spesifiek op die tassintuiglike te rig, die kind sal help om die versoeking om braille met die oë te lees, te weerstaan. Hy noem egter dat daar steeds leerlinge sal wees wat met die kop teenaan die boek sal probeer om brailleskrif met die oë te lees. Die toepassing van strafmaatreëls deur byvoorbeeld die leerling se oë toe te bind, keur hy egter as pedagogies onverantwoordbaar af (p. 18).

f. Tydens die verkenningsbesoeke aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool het geblyk dat onderwysers daarin slaag om die onder=rig in 'n besondere mate te indiwidualiseer; om die betrokkenheid van die blinde kind by die klaskameraktiwiteite te verseker en sy mate van geïsoleerdheid te deurbreek; om beskikbare onderwyshulp=middels op 'n verantwoorde wyse in te skakel, en om die selfstan=digheidsontplooiing van die jong blinde kind voorop te stel.

### 6.2.2.5 Eksaminering en bevordering

Die eksaminering in die primêre afdeling van beide die Skool vir Blindes en die Prinshofskool geskied intern. Vraestelle word in die reël in 'n stygende graad van moeilikheid opgestel om veral die swakker kandidate die geleentheid te bied om direk met die makliker gedeeltes te begin wat daartoe bydra dat kandidate tydens die aflegging van die eksamen aan selfvertroue wen. Deur vraestel= le in 'n stygende graad van moeilikheid op te stel, word dan ook 'n wyse van gedifferensieerde eksaminering toegepas.

'n Paneel bestaande uit die skoolhoof, die betrokke vise-hoof, 'n onderwysersielkundige en die klasonderwyser besluit in die reël oor die bevordering van die leerlinge. Die bevordering in graad 1 en 2 (substanderds A en B) geskied hoofsaaklik op grond van skolas= tiese prestasies in Afrikaans, Engels en Rekenkunde. In die junior primêre afdeling (graad 1 en 2 (substanderds A en B) en standerd 1) is die slaagvereiste 'n gemiddelde van 55 persent. Van standerds 2 tot 5 is 'n gemiddelde van 50 persent die slaagvereiste.

Afgesien van die prestasie van 'n leerling in die eksamen wat aan die einde van die vierde kwartaal afgelê word en wat as hoof= kriterium dien, word sy prestasies in klastoetse en eksamens ge= durende die jaar, sy ouderdom en die stadium van die jaar waarop hy tot die skool toegelaat is, sy moontlike afwesigheid as gevolg van siekte en 'n volledige persoonsbeeld van die leerling vir die doel van bevordering in aanmerking geneem. Die bevordering van elke leerling geskied dus op 'n indiwiduele grondslag en in die lig van 'n verskeidenheid persoonlike gegewens aangaande die kind. Daar is dus in 'n besondere mate sprake van gedifferensieerde be= vordering aangesien bevordering nie bloot op 'n eksamenpunt berus nie.

### 6.2.2.6 Aanpassingsklasse

In 1974 het 9 blinde leerlinge en geen swaksiende leerlinge aan die Skool vir Blindes te Worcester hul in die Junior Aanpassings=klas bevind waarin vir leerlinge van ongeveer standerd 1- tot standerd 3-vlak voorsiening gemaak word. In die Senior Aanpas=singsklas waarin leerlinge van ongeveer standerd 4- tot standerd 6-vlak opgeneem word, was in 1974 5 blinde leerlinge en 1 swak=siende leerling. In werklikheid het drie kategorieë blinde en swaksiende leerlinge hulle in die Aanpassingsklasse bevind, naam=lik -

a. Leerlinge wat hul skolastiese agterstand sal verhaal en na die gewone klasse teruggeplaas sal word.

b. Leerlinge wat in die Aanpassingsklasse bly, ooreenkomstig hul besondere moontlikhede vorder (aan die hand van 'n verwerking van sillabusse van die primêre skool) en later van hierdie klasse na die Vakafdeling oorgeplaas word.

c. Leerlinge wat sodanig verstandelik vertraagd is dat hulle na 'n evalueringstydperk in 'n Aanpassingsklas, na 'n Hulp=klas oorgeplaas word.

Wat betref die onderrigtaak in die Aanpassingsklasse, is daar leerlinge wat spesiale onderrig in braille ontvang, leerlinge wat remediërende onderrig ten aansien van sekere vakke ontvang (in be=sonder ten aansien van die twee amptelike tale en Rekenkunde) en leerlinge wat 'n verwerking van sillabusse van die primêre skool volg (kyk bylae A, v. 1.7, 5.4 en 6.10).

Die meriete van die Aanpassingsklasse lê onder andere daarin dat dit as evalueringstydperk dien. Waar daar onsekerheid mag bestaan of sekere leerlinge verdere akademiese onderwys suksesvol sal kan deurloop en of hulle noodwendig op spesifieke handvaardigheidsop=leiding in die Vakafdeling aangewys is, word hierdie leerlinge in

die geleentheid gestel om hulle moontlikhede in die Aanpassings=klasse te toon. Leerlinge wat nie in die primêre standerds skolas=ties kan tred hou nie, word dus nie summier tot Hulpklasse en hand=vaardigheidsopleiding gepredisponeer nie. Verder word leerlinge wat wel nog baat vind by die aanbieding van die voorgeskrewe leer=inhoude (of 'n verwerking daarvan), maar nie die volwaardige pri=mêre onderwysprogram suksesvol kan deurloop nie, in die Aanpas=singsklasse in die geleentheid gestel om ooreenkomstig hul beson=dere moontlikhede te vorder.

Uit bogenoemde blyk dan die diverse aard van die onderrigtaak in die Aanpassingsklasse, asook die heterogeniteit ten aansien van die leerlinge wat hulle in dié klasse bevind. Alhoewel indiwidu=alisering in die onderrig as gevolg van die klein aantal leerlinge in hierdie klasse in 'n groot mate moontlik is, skep genoemde diversiteit en heterogeniteit wel besondere probleme.

### 6.2.2.7 Hulpklasse

In 1974 is 31 verstandelik vertraagde blinde en swaksiende kinders wat nie uit die gewone primêre onderwysprogram voordeel kon trek nie, in drie Hulpklasse aan die Skool vir Blindes onderrig (kyk tabel 4.1). Sommige van hierdie kinders is sodanig verstandelik vertraagd dat hulle as ononderrigbaar beskou kan word. Aangesien daar dikwels vir hierdie kinders geen ander heenkome is nie en dit ook moeilik is om die mate van verstandelike vertraging op 'n vroeë ouderdom vas te stel, word hierdie kinders in die reël wel tot skole vir blindes in die RSA toegelaat.

Die onderrigprogram in die Hulpklasse word deur die betrokke on=derwysers(esse) in oorleg met die verantwoordelike vise-hoof be=plan. In Hulpklas 1 word onder andere aandag gegee aan syferwerk (tel), lees en skryf deur medium van braille, en handwerk. Die leerinhoud in Hulpklas 2 is effens meer gevorderd. Eenvoudige

gediggies word geleer, met die aanleer van die tweede taal word 'n aanvang gemaak, "paragraafopstelle" word geskryf, kinderverhale word geleer en elementêre rekene word gedoen. In Hulpklas 3 word hoofsaaklik van 'n verwerking en vereenvoudiging van die sillabus=se van standerds 3, 4 en 5 as leerinhoud gebruik gemaak.

Die reeks van drie Hulpklasse moet in werklikheid as 'n afsonder=like stroom, met eiesoortige leerinhoud spesifiek vir verstandelik vertraagde blinde kinders, gesien word. Blinde leerlinge word op ongeveer sestienjarige ouderdom van òf Hulpklas 2, òf Hulpklas 3 na die Vakafdeling oorgeplaas waar hulle op toetrede tot beskutte werkswinkels voorberei word (kyk bylae A, v. 1.7, 5.11 en 5.12).

Soos daarop gewys (kyk 4.4.2.2), dui getuienis en gegewens daarop dat die persentasie meervoudiggestremde kinders steeds toeneem. In hierdie verband moet ook op 'n verklaring deur Peach (1972) gewys word. Hy noem dat die grootste persentasie van die meer=voudiggestremde gesigsgestremde kinders wel verstandelik vertraag is, en dat dit skyn asof in lande waar in afsonderlike skole vir gesigsgestremde kinders voorsiening gemaak word, dié skole even=tueel uit twee afsonderlike afdelings sal bestaan, naamlik een vir normaalbegaafde gesigsgestremde kinders en een vir verstan=delik vertraagde gesigsgestremde kinders (pp. 19-20).

## 6.2.3 DIE SEKONDÊRE ONDERWYSPROGRAM

### 6.2.3.1 Groepering van leerlinge

In 1974 is blinde en swaksiende leerlinge van standerd 7 tot stan=derd 10 aan die Skool vir Blindes te Worcester in dieselfde klas=groepe saamgegroepeer. 'n Afsonderlike afdeling vir swaksiende leerlinge (insluitende swaksiende sekondêre skoolleerlinge) met 'n eie gebouekompleks, is egter reeds deur die Departement van Nasio=nale Opvoeding goedgekeur en sal binne afsienbare tyd voltooi

wees (SANRB, 1970, p. 116).

Die grootte van die klasgroepe in standerds 6 tot 10 het gewissel van ongeveer 5 tot ongeveer 11 leerlinge per klasgroep. Uit die aard van die saak vind 'n onderverdeling van dié klasgroepe tydens die aanbieding van keusevakke plaas. In klasse waar die hetero= geniteit van leerlinge ten aansien van skolastiese bekwaamheid dit genoodsaak het, is intraklasgroepering (dit wil sê groepering bin= ne dieselfde klaskamer) toegepas.

Die enkele Engelssprekende leerlinge in die sekondêre afdeling word saam met Afrikaanssprekendes in dieselfde klasgroepe onderrig en 'n stelsel van dubbelmediumonderrig word gevolg (kyk 4.4.1.4 en bylae A, v. 1.7).

#### 6.2.3.2 Kurrikula

##### a. Vakke wat aangebied word*

1. *Standerd 6* word as 'n verkenningsjaar** beskou en gedurende hierdie jaar maak die leerlinge met verskillende vakke ken= nis waaruit hulle hul keusevakke in standerds 7 en 8 moet saamstel. Die kurrikulum vir standerd 6 is soos volg saam= gestel:

   Verpligte nie-eksamenvakke

   Liggaamlike Opvoeding,
   Skoolmusiek en Sang,
   Godsdiensonderrig en
   Duits

---

*Hierdie is 'n beskrywing van die situasie soos gedurende 1973.

**'n Uiteensetting van die verdeling van die twaalf skooljare in vier skoolfases soos deur die Minister aangekondig, word in paragraaf 6.2.4.2 gegee.

Deur Duits as verpligte nie-eksamenvak aan te bied, word leerlinge in die geleentheid gestel om met dié vak kennis te maak en kan hulle besluit of hulle met Duits as keuse- en eksamenvak in standerd 7 wil voortgaan.

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans A of B,

Engels A of B,

Geskiedenis

Tik en

Fisiologie

Fisiologie word in standerds 7 en 8 as keusevak aangebied en dus as verkenningsvak in standerd 6 ingesluit.

Keusevakke (eksamenvakke)

Aardrykskunde of Natuur- en Skeikunde,

Rekenkunde* of Wiskunde.

2. Die kurrikulum van *standerds 7 en 8* is soos volg saamgestel:

Verpligte nie-eksamenvakke

Liggaamlike Opvoeding,

Skoolmusiek en Sang en

Godsdiensonderrig.

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans A of B,

Engels A of B,

Geskiedenis en

Tik

---

*Die sillabus van hierdie vak is intern opgestel (kyk 6.2.3.2 b.2).

Keusevakke (eksamenvakke)
Fisiologie of Wiskunde,
Aardrykskunde of Duits en
Handel of Natuur- en Skeikunde.

3. Die kurrikulum van *standerds 9 en 10* is soos volg saamge=stel:

Verpligte nie-eksamenvakke
Liggaamlike Opvoeding,
Skoolmusiek en Sang en
Godsdiensonderrig.

Verpligte eksamenvakke
Afrikaans A of B,
Engels A of B en
Fisiologie.

Keusevakke (eksamenvakke)
Duits of Tik,
Geskiedenis of Wiskunde en
Handelsreg of Natuur- en Skeikunde (kyk bylae A, v. 4.4(b) en 4.5(b).

## b. Verbandhoudende kurrikulêre aangeleenthede

1. In 'n poging om aan die besondere behoeftes van spesifieke leerlinge ten aansien van vakkeuse te vol=doen, word 'n besondere *wendbare benadering* ten aan=sien van die vakke wat sekondêre skoolleerlinge kan kies, deur die skool gevolg. Dit gebeur dan ook dat verpligte en keusevakke van tyd tot tyd wissel na gelang 'n sekere groep leerlinge, of selfs 'n spesifieke leerling, sekere vakke of 'n sekere vakgroepering vir hulle of sy naskoolse beroeps=opleiding, universitêre opleiding of gekose beroep benodig.

In die lig van hierdie benadering en van die keusevakke wat wel in die verskillende standerds in die sekondêre afdeling aangebied word (Rekenkunde, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Aardsrykskunde, Fisiologie, Musiek, Handel, Handelsreg, Duits, Tik en Geskiedenis), kan wel deeglik van die aanbieding van gedifferensieerde kurrikula gepraat word.

2. Dié leerlinge wat probleme ondervind om Wiskunde te bemees= ter, neem in *standerd 6 Rekenkunde*. Die Rekenkundesillabus is intern opgestel en die leerinhoud is daarop gerig om hierdie leerlinge sodanig syferkundig te onderlê dat hulle sal kan voldoen aan die eise waarmee hulle in hierdie ver= band in die wêreld van die volwassene gekonfronteer sal word.

3. *Tik* is tot op standerd 8-vlak 'n verpligte eksamenvak. Hier= die vak vereis egter 'n besondere mate van handvaardigheid, noukeurigheid en taalkundigheid en al die leerlinge kan nie altyd aan die vereistes in hierdie verband voldoen nie, wat die onderrig bemoeilik.

4. Sekondêre skoolleerlinge maak mettertyd in 'n al groter mate van gewone tikskrif gebruik, en 'n probleem wat opduik, is dat sommige leerlinge nie in 'n voldoende mate met *braille= skrif* op hoogte bly nie. In besonder verswak die spelling van sommige leerlinge. Ook noodsaak veranderinge in skryf= wyse voortdurende aanpassings ten aansien van braille (by= voorbeeld die nuwe notasies in Wiskunde en Natuur- en Skei= kunde as gevolg van metrisering) en blinde leerlinge in die sekondêre afdeling moet hierin onderrig word. Vir sodanige addisionele onderrig in braille moet dus tyd ingeruim word.

5. *Aardrykskunde* word in standerds 6 tot 8 as keusevak aange= bied. As gevolg van die besondere probleme wat blinde kin= ders ondervind om veral sekere aspekte van die leerinhoud van hierdie vak te bemeester, is die leerinhoud aansienlik

verwerk en gewysig en word Aardrykskunde nie in standerds 9 en 10 aangebied nie.

6. Alhoewel *Handwerk en Huishoudkunde* nie in die kurrikula van die sekondêre standerds aan die Skool vir Blindes ingesluit is nie, word onderrig in hierdie verband wel as opsionele naskoolse aktiwiteit aangebied (kyk 11.3.2).

7. Blinde leerlinge wat dit verkies en daartoe in staat is, word in die geleentheid gestel om sowel *Afrikaans as Engels op die hoër vlak* (A) aan te bied. Veral vir dié leerlinge wat hulle as fisioterapeute in Londen wil gaan bekwaam waar hulle deur medium van Engels moet studeer, as die betere ge=skooldheid in Engels van besondere waarde (kyk 12.2.2.2).

8. Die keuse van vakke het vir sommige blinde leerlinge wat aan 'n universiteit in *musiek* verder wou gaan studeer, pro=bleme opgelewer. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) het onder andere vereis dat 'n derde taal of 'n natuurweten=skaplike vak in die Senior Sertifikaateksamen aangebied moet word om matrikulasievrystelling te kan verkry*. Enkele blin=de leerlinge wat in die vak Musiek besonder goed presteer het, het probleme ondervind om vakke soos Duits, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde te bemeester. Gevolglik kon hierdie leerlinge beswaarlik aan die universiteitstoelatingsvereistes wat deur die GMR gestel is, voldoen (kyk 6.2.4.4).

### 6.2.3.3 Sillabusse

Die Skool vir Blindes bied sillabusse aan wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding voorgeskryf of goedgekeur is en hierdie

---

*Hierdie vereistes wat deur die GMR ten aansien van matrikulasie=vrystelling gestel is, was tot aan die einde van 1973 van krag.

sillabusse is basies dieselfde of soortgelyk aan dié wat aan skole vir normaalsiende leerlinge aangebied word. Waar nodig word sekere aanpassinge of wysiginge ten aansien van leerinhoud in die lig van die moontlikhede en beperkthede van die blinde kind gedoen. Daar word egter gewaak teen blote verwatering van leerinhoude en enige verandering moet deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur word.

Afgesien van die twee amptelike tale word vakke wat in standerds 9 en 10 aan die Skool vir Blindes geneem kan word, slegs op een vlak aangebied en wel op 'n vlak wat leerlinge in die geleentheid stel om die Nasionale Senior Sertifikaat (met of sonder matrikulasievrystelling) te verwerf. In die lig van die aanpassings en wysigings wat ten aansien van die leerinhoud van sekere vakke aangebring word, kan egter wel in 'n mate van gedifferensieerde sillabusse vir blindes gepraat word (kyk bylae A, v. 4.1 en 4.6).

### 6.2.3.4 Enkele aanbiedingsaangeleenthede

a. Ten spyte van die feit dat die leerlinge in die verskillende standerds van die sekondêre afdeling (veral dié leerlinge in standerds 9 en 10) as gevolg van die oorplasing van leerlinge na die Vak- en Beroepsafdeling, redelike homogene groepe is, word daar nogtans in die klas gedifferensieer. Dit geskied by wyse van indiwiduele aandag aan leerlinge, intraklasgroepering, die wisseling van die tempo van vordering van verskillende groepe leerlinge, die uitskakeling van moeiliker gedeeltes van die leerinhoud vir swakker kandidate en die aanmoediging van braillekandidate om, ten opsigte van die vak Wiskunde, bruikbare gesigsreste waaroor hul nog mag beskik, te gebruik.

b. Om verskeie redes is die tempo van skolastiese vordering van die blinde leerling stadiger as dié van die normaalsiende. In hierdie verband kan genoem word dat die leestempo in braille

stadiger is as dië met die blote oog; naslaanwerk deur gebruik= making van literatuur in braille heelwat tyd in beslag neem en selfstandige studie as gevolg daarvan gekortwiek word, en voorts dat die aanbieding van sekere leerinhoud aan die blinde kind be= sonder baie tyd verg, aangesien die onderwys indiwidueel van aard is. Dit gebeur daarom dat onderwysers van die Skool vir Blindes probleme ondervind om die leerinhoude volledig aan te bied en soms genoodsaak is om in 'n sekere mate 'n *eksamengerigte benadering* te volg in 'n poging om te verseker dat die leerling die eksamen met vrymoedigheid sal kan aandurf.

c. Soos daarop gewys, word blinde en swaksiende leerlinge van standerd 7 tot standerd 10 in *dieselfde klasgroepe saamgegroepeer*. Die feit dat blinde en swaksiende leerlinge as twee afsonderlike groepe binne dieselfde klasgroep behandel moet word, bemoeilik om 'n verskeidenheid van redes die onderwystaak. Aangesien egter reeds in beginsel besluit is om afsonderlike onderwysgeriewe vir swaksiende leerlinge te Worcester tot stand te bring, sal nie ver= der op hierdie aspek van die aanbieding ingegaan word nie. Wat be= tref die saamgroepering van grensgevalle in dieselfde klasgroep, dit wil sê dié leerlinge oor wie daar 'n mate van twyfel bestaan of hulle steeds deur medium van die visuele onderrig kan ontvang en of hulle as braillekandidate moet voortgaan, is dié aangeleent= heid reeds in hoofstuk 5 aangesny (kyk 5.3.1.2 a).

d. As gevolg van die feit dat dit heelwat tyd neem om 'n handboek te brailleer, asook 'n hoë finansiële uitleg verg, word wel pro= bleme ondervind om *nuwe handboeke* binne 'n redelike tydperk beskik= baar te stel. Onderwysers is dus soms genoodsaak om leerlinge die leerinhoude in braille te laat afneem, 'n aangeleentheid wat be= sonder tydrowend is (kyk bylae 8.2).

### 6.2.3.5 Eksaminering

Die opstel van eksamenvraestelle aan die Skool vir Blindes vir die eindeksamens in standerds 6, 7, 8 en 9, asook die nasien van antwoordstelle, geskied intern. Die eksamenvraestelle en die nagesiene antwoordstelle word egter deur die Departement van Nasionale Opvoeding gemodereer. Wat betref die standerd 10-eindeksamen (Nasionale Senior Sertifikaateksamen), geskied die eksaminering in dié vakke waarvan die leerinhoud sekere aanpassings ondergaan het, intern met eksterne moderering deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Eksaminering in die ander vakke geskied geheel en al ekstern.

Ten aansien van die aflê van eksamens is sekere toegewings vir blinde leerlinge gemaak. Hierdie toegewings is onder andere dat die opsiener die eksamenvraestel voor die aanvang van die eksamen aan die leerlinge kan voorlees; dat addisionele tyd vir die aflê van die eksamen toegestaan word; asook dat blinde leerlinge van sekere alternatiewe wyses om hul antwoorde te verstrek, gebruik kan maak ('n voorgeskrewe skets in die vak Fisiologie mag byvoorbeeld beskrywe word in plaas daarvan om dit te teken).

'n Besondere probleem wat tydens eksaminering ondervind word, is dat indien die leerling die vraag in brailleskrif verkeerd lees, die foutiewe interpretasie van die vraag noodwendig in sy antwoord gereflekteer word. Die eksamen is dus nie slegs 'n toets van die onderlegdheid van die leerling in die verskillende vakinhoude nie, maar ook van sy vermoë om brailleskrif te lees. Genoemde toegewings is dan ook daarop gerig om sekere beperkinge wat blindheid by die aflegging van die eksamen op die blinde kind lê, in ag te neem (kyk bylae A, v. 5.7, 5.8 en 5.9).

In die lig van die praktyk van interne eksaminering en eksterne moderering, van genoemde toegewings tydens die aflegging van

eksamens, en van die metode om die eksamenvraestel in 'n stygende graad van moeilikheid op te stel, kan daar dus wel in 'n mate van gedifferensieerde eksaminering gepraat word.

### 6.2.3.6 Bevordering

Die bevordering van blinde leerlinge vanuit standerds 6, 7, 8 en 9 aan die Skool vir Blindes geskied intern, maar moet deur die Departement van Nasionale Opvoeding bekragtig word. Die aanvankli= ke interne bevordering het besondere meriete aangesien die perso= neel die kinders persoonlik ken ('n groot aantal van die blinde leerlinge is vir hul hele skoolloopbaan aan die Skool vir Blindes verbonde) en die bevordering dus teen die agtergrond van persoon= like kennis van die moontlikhede en beperkthede van elke kind ge= skied. Die beslissing oor watter standerd 10-leerlinge aan die vereistes vir die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat (met of sonder matrikulasievrystelling) voldoen, word egter geheel en al ekstern behartig.

Die bevordering en eksamenprestasies van blinde en swaksiende leer= linge aan die Skool vir Blindes te Worcester word deur die volgen= de syfers weerspieël. Van 1944 tot 1970 het 166 kandidate vir die *Nasionale Senior Sertifikaateksamen* ingeskryf. Van hierdie kandi= date het 74 (44,6%) in die eerste klas geslaag, 87 (52,4%) in die tweede klas en 5 (3,0%) nadat hereksamens geskryf moes word (Suid-Afrika, 1970b, p. 40). In die 27 jaar het dus nie een kandidaat wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat ingeskryf het, gedruip nie. Gedurende die jare 1968, 1969 en 1970 het 36 kandidate vir hierdie eksamen ingeskryf waarvan 17 (47,2%) in die eerste klas ge= slaag het. Van die 66 leerlinge wat van 1960 tot 1967 vir die standerd 10-eindeksamen ingeskryf het, het tussen 50 en 60 persent die Nasionale Senior Sertifikaat met matrikulasievrystelling ver= werf. Wat betref die *Nasionale Junior Sertifikaateksamen* (standerd

8-eindeksamen),het 16 kandidate van die Skool vir Blindes in 1970 vir hierdie eksamen ingeskryf. Van hierdie 16 kandidate het 6 (37,5%) in die eerste klas geslaag en 9 (56,3%) in die tweede klas (Skool vir Blindes, 1968a, 1969 en 1970a).

Hier word ook gewys op die persentasie *standerd 6-leerlinge wat wel standerd 10 bereik* en die Nasionale Senior Sertifikaat ver=werf. Van al die blinde en swaksiende leerlinge wat van 1956 tot 1963 in standerd 6 was, het 46,2 persent (66) na vier jaar verdere skoolopleiding die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf. Leerlinge wat moontlik na standerd 6 tot die Skool vir Blindes toegelaat is, is egter ook by die 66 leerlinge wat gedurende die jare 1960 tot 1967 die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, ingesluit (kyk bylae A, v. 5.20).

Die besonder hoë persentasie matriekleerlinge aan die Skool vir Blindes wat wel slaag, asook dié wat in die eerste klas slaag, is opmerklik. Wat betref die aspekte wat in die vorige paragraaf bespreek is, kan hier dan ook 'n vergelyking getref word tussen die situasie aan die Skool vir Blindes en dié aan die *provinsiale skole* in die vier provinsies. Aan die einde van 1972 het 87,0 persent van die standerd 10-leerlinge in die provinsiale skole in die Oranje-Vrystaat, Natal, Transvaal en die Kaapprovinsie die eindeksamens *met goeie gevolg* afgelê. Van hierdie leerlinge het 19,2 persent in die *eerste klas* geslaag en 45,2 persent *matriku=lasievrystelling* verwerf. Wat betref die persentasie standerd 6-leerlinge aan nie-beroepskole (dit wil sê provinsiale en private skole) wat wel daarin geslaag het om standerd 10 te bereik en te slaag, het 40,6 persent van die seuns en 34,8 persent van die meisies wat gedurende die jare 1956 tot 1967 in standerd 6 was, wel gedurende die jare 1960 tot 1971 die standerd 10-eindeksamen geslaag (RGN, 1970b, pp. 40 en 55).

Uit hierdie gegewens blyk die gunstiger situasie aan die Skool vir

Blindes. Hierdie toedrag van sake kan onder andere moontlik aan van die volgende redes toegeskryf word: Die doeltreffendheid van die stelsel van differensiasie by wyse van uitplasing van som= mige leerlinge na die Vak- en Beroepsafdeling, waardeur verseker word dat leerlinge wat vir die standerd 10-eksamen inskryf, wel aan die vereistes wat gestel word, kan voldoen; die klein klas= groepe wat 'n besondere mate van indiwiduele aandag aan leerlinge moontlik maak, en die noodwendigheid van 'n mate van eksamengerigt= heid in die didaktiese situasie waarop gewys is.

#### 6.2.3.7 Sertifikaatuitreiking

Op aanvraag reik die Departement van Nasionale Opvoeding aan blinde leerlinge wat die skool verlaat en aan die betrokke ver= eistes voldoen het, die Nasionale Standerd 6 Sertifikaat, die Nasionale Standerd 7 Sertifikaat, die Nasionale Junior Sertifi= kaat en die Nasionale Intermediêre Sertifikaat uit. Leerlinge wat die standerd 10-eindeksamen met goeie gevolg afgelê het, verwerf die Nasionale Senior Sertifikaat, met of sonder matriku= lasievrystelling. Aan leerlinge wat slegs sekere vakke in 'n betrokke standerd geslaag het, word 'n gesertifiseerde verklaring deur die skool uitgereik waarop die vakke waarin die leerling ge= slaag het, aangedui word. Op grond van hierdie verklaring kan skoolverlaters dan ook vir pensioenvoordele wat op sekere blinde persone van toepassing is, in aanmerking kom (kyk bylae A, v. 4.8).

#### 6.2.3.8 Voortsettingsklasse

Afgesien van die gewone sekondêre onderwysprogram word aan die Skool vir Blindes ook vir voortsettingsklasse voorsiening gemaak. Leerlinge in die Vak- en Beroepsafdeling, leerlinge wat vanaf sko= le vir swaksiendes en normaalsiendes na die sekondêre afdeling van

die Skool vir Blindes oorgeplaas word, asook jeugdige en volwasse blinde persone van wie sommige reeds hul skoolloopbaan voltooi het voordat hulle blind geword het en vir die een of ander vorm van beroepsopleiding na die Skool vir Blindes en die Werkswinkels vir Blindes te Worcester kom, word by voortsettingsklasse ingeska= kel. Aan hierdie persone word in die skoolafdeling onderrig aan= gebied in onder andere die twee amptelike tale, Braille, Tik, Rekenkunde, mobiliteit en oriëntasie, asook ten opsigte van die bemeestering van alledaagse take (Suid-Afrika, 1970b, p. 48).

Uit die aard van die saak word die blinde persone wat by die voort= settingsklasse ingeskakel word op verskillende tye van die jaar opgeneem en is hulle 'n besonder heterogene groep wat betref hul ouderdom en hul onderlegdheid in dit waarin hul onderrig word. Ook word heelwat probleme ondervind om tyd vir hierdie voortset= tingsklasse in te ruim en om onderwysers daarvoor beskikbaar te stel.

#### 6.2.3.9 Slotopmerking

Uit hierdie oorsig blyk dat besondere pogings deur die Skool vir Blindes aangewend is om die eiesoortige probleme waarmee die onderwys vir blindes gekonfronteer word, die hoof te bied. Ten aansien van verskillende aspekte van die onderwysprogram word daar gedifferensieer. Hierdie wyses van differensiasie het op sowel blinde leerlinge onderling as op blinde leerlinge in teen= stelling met normaalsiende leerlinge betrekking. 'n Verslapping in voorskrifte aan skole vir blindes is deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur ten aansien van leerinhoude van sekere vakke, die opstel van eksamenvraestelle en die aflê van eksamens, asook die bevordering van blinde leerlinge totdat hulle standerd 10 bereik. Deur middel van 'n wendbare benadering is dus reeds gevorder op die pad om binne die grense waar die blinde

volwaardig mens kan wees en in die lig van die eise van 'n "sien=
de wêreld", die onderwysprogram vir blindes doeltreffend uit te
bou.

## 6.2.4 ASPEKTE VAN DIE AANGEKONDIGDE STELSEL VAN GEDIFFEREN= SIEERDE ONDERWYS

### 6.2.4.1 Inleiding

Op 12 November 1971 het die Minister van Nasionale Opvoeding in sy beleidsaankondiging aangaande 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, die riglyne van sodanige stelsel uitgestippel. Sedert die beleidsaankondiging van die Minister het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) hersiene matrikulasievrystellingsvereistes aangekondig en het die Departement van Nasionale Opvoeding 'n De= partementele Handleiding insake Gedifferensieerde Onderwys opge= stel. Hierdie ondersoek sal dan ook nie volledig wees indien daar nie op hierdie riglyne gewys word nie.

### 6.2.4.2 Beleidsaankondiging deur die Minister van Nasionale Opvoeding insake 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys

In die Staatskoerant van 12 November 1971 het die Minister van Nasionale Opvoeding aangekondig dat die onderwys in vier fases moet geskied en hierdie vier fases en die inhoud van elke fase is soos volg uiteengesit:

*"Vier skoolfases*

*8. Onderwys word in die onderstaande vier skoolfases verskaf:*

*(a) Die laer onderwys in twee skoolfases -*

*(i) die junior primêre skoolfase: Skooljare een tot drie;*

*(ii) die senior primêre skoolfase: Skooljare vier tot ses.*

(b) Die middelbare onderwys in twee skoolfases -

(i) die junior sekondêre skoolfase: Skooljare sewe tot nege;

(ii) die senior sekondêre skoolfase: Skooljare tien tot twaalf.

*Junior primêre skoolfase*

9. In die junior primêre skoolfase word slegs klasonderwys verskaf.

*Junior sekondêre skoolfase*

10. Onderwys in die eerste jaar van die junior sekondêre skool=fase word aan 'n laerskool of primêre afdeling van 'n skool verskaf.

11. In die junior sekondêre skoolfase -

(a) het die onderwys 'n breë, algemeen vormende inslag;

(b) is die meerderheid vakke verpligte vakke; en

(c) mag daar geen gedifferensieerde leerplanne aangebied word nie, maar word die leerstof gedifferensieerd aan=gebied volgens die opvoedkundige behoeftes van bepaal=de groepe leerlinge: Met dien verstande dat aan 'n leerling wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderrig wat in die normale verloop van die onderwys verskaf word, kan trek nie, 'n meer praktiese leerplan as die ander gedifferensieerde leerplanne, waarin 'n beroepsgerigte kursus ooreenkomstig gedifferensieerde leerplanne verskaf word, aangebied word.

*Senior sekondêre skoolfase*

12. (1) Onderstaande studierigtings word op senior sekondêre vlak aangebied:

(a) Tegniese studierigting;

(b) handelstudierigting;

(c) *landboustudierigting;*

(d) *natuurwetenskaplike studierigting;*

(e) *geesteswetenskaplike studierigting;*

(f) *kunsstudierigting (met inbegrip van musiek, drama, ballet en beeldende kuns);*

(g) *huishoudkundestudierigting;*

(h) *algemene studierigting; en*

(i) *ten opsigte van die leerlinge in die voorbehouds= bepaling by paragraaf 11 (c) bedoel, 'n praktiese studierigting.*

(2) *Meer as een studierigting kan aan 'n skool aangebied word.*

13\. *In die senior sekondêre skoolfase word 'n eksamenvak op 'n hoër vlak of op 'n standaard vlak of op 'n hoër en op 'n standaard vlak aangebied"* (Suid-Afrika, 1971, pp. 19-20).

Die kurrikulum wat deur 'n besondere leerling op die senior sekon= dêre vlak aangebied word, kwalifiseer as 'n gespesialiseerde stu= dierigting indien 'n voorgeskrewe aantal vakke wat deur die leer= ling aangebied word, wel direk met 'n betrokke studierigting ver= band hou.

### 6.2.4.3 Die praktiese beroepsgerigte studierigting

Soos daarop gewys, het die praktiese beroepsgerigte studierigting betrekking op leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die gewone sekondêre onderwysprogram kan trek nie. Dié kursus loop parallel met standerds 6 en 7 van die junior sekondêre skoolfase en stan= derd 8 van die senior sekondêre skoolfase, met die moontlikheid vir leerlinge om selfs tot 'n standerd 9- of standerd 10-vlak in hierdie eiesoortige kursus te kan vorder. In die genoemde hand= leiding van die Departement van Nasionale Opvoeding (kyk 6.2.4.1)

word die volgende kurrikulum ten aansien van die praktiese beroeps=gerigte studierigting uiteengesit:

a. Nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig,
Liggaamlike Opvoeding en
Skoolmusiek.

b. Eksamenvakke

Afrikaans/Engels (eerste taal),
Engels/Afrikaans (tweede taal),
Geskiedenis - Aardrykskunde,
Praktiese Wiskunde,
Algemene Wetenskap en
Praktiese beroepsgerigte kursus - 3 of 4 vakke.

Die volgende 5 rigtings word in die praktiese beroepsgerigte kursus aangebied, naamlik: 'n Handels-, huishoudkundige, tegnie=se, landboukundige en algemene rigting (Suid-Afrika, 1973b, pp. 9-12).

#### 6.2.4.4 Aspekte van die hersiene matrikulasievereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR)

Die hersiene matrikulasievrystellingsvereistes wat deur die GMR vrygestel is, vereis onder andere dat minstens drie vakke (inslui=tende een van die amptelike tale) op die hoër vlak geslaag moet word en dit word nie van 'n leerling verwag om noodwendig òf Wis=kunde, òf 'n derde taal in matriek aan te bied nie. Die voorwaar=de word egter gestel dat die sertifikate van dié leerlinge wat Musiek of Musikologie of Kuns as een van die vereiste drie vakke op die hoër vlak aanbied, sodanig geëndoseer word dat hulle slegs tot sekere studierigtings aan 'n universiteit toegelaat sal word, naamlik B. Mus., B.A. (Musiek) of B.A. (Skone Kunste) (GMR, 1971,

p. 13). Hierdie gewysigde matrikulasievrystellingsvereistes impli= seer dat die blinde leerlinge wat in die vak Musiek besonder goed presteer, maar probleme ondervind om vakke soos Duits, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde te bemeester, nou wel matrikulasievrystel= ling kan verwerf en in musiek aan 'n universiteit kan gaan spesia= liseer.

#### 6.2.4.5 Slotopmerking

Die aangekondigde nasionale stelsel van gedifferensieerde onder= wys is 'n besondere poging om te verseker dat die kwalitatiewe on= gelykheid van kinders (onder andere ten aansien van verstandelike vermoëns, emosionaliteit, aanleg en belangstelling) in die onder= wys in ag geneem sal word, asook dat onderwys in harmonie met die mannekragbehoeftes van die land sal geskied. Wat betref die uit= bouing van die onderwys van blinde kinders is dit van belang dat getrou gebly sal word aan die beginsels wat hierdie stelsel onder= lê. Dit is egter nie moontlik om die onderwysstelsel vir normaal= siende kinders net so op blinde kinders van toepassing te maak nie. Gedifferensieerde onderwys vir blinde kinders moet, afgesien van die onderlinge indiwiduele verskille tussen blinde kinders, veral ook in die lig van die besondere lewenswerklikheid (ook as be= roepswerklikheid) van die blinde beplan word.

## 6.3 ASPEKTE VAN DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

### 6.3.1 ENKELE AANBIEDINGSAANGELEENTHEDE

#### 6.3.1.1 Aanbieding aan braillekandidate met bruikbare gesigsreste

Dit is die praktyk aan verskillende skole vir blindes in oorsese lande om braillekandidate met bruikbare gesigsreste in die geleent= heid te stel om, indien moontlik, hul gesig in die leersituasie

te gebruik. Aan byvoorbeeld die Skool vir Blindes te Rome (Scuola Statale di Metodo 'A Romangnoli per gli Educatori dei Ciechi), word braillekandidate aangemoedig om, indien die leer= situasie hom daartoe leen, ook van hul gesig gebruik te maak (kyk bylae D). Sommige braillekandidate maak dus van sowel die taktuele as die visuele as medium van onderrig gebruik. Ook te Chorleywood College for Girls in Engeland waar van alle leerlinge verwag word om braille te bemeester, word leerlinge met bruikbare gesigsreste aangemoedig en in die geleentheid gestel om ten volle daarvan in die leersituasie gebruik te maak (RNIB, 1971c, p. 1).

Hier sal dan ook op die beskouinge van enkele deskundiges in hier= die verband gewys word. Ashton, beroepsplasingbeampte van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) te Londen beklemtoon die noodsaaklikheid dat braillekandidate, indien enigsins moontlik, van hul gesigsreste gebruik sal maak. Hy beweer dat alhoewel die gebruikmaking van hul gesig deur braillekandidate in die didaktie= se situasie vir sommige leerlinge nie van veel waarde mag wees nie en selfs probleme mag skep, mag sy gesigsreste later in 'n beroepsi= tuasie vir die persoon van besondere waarde wees. In die lig hiervan noem hy dan dat die onderrig van die blinde kind nie bloot 'n doel in sigself is nie, maar wel ook 'n voorbereiding om later diensbaar en selfvervullend in 'n beroep in te skakel (kyk bylae D). Ook die Komitee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsge= stremdes (1972) in Engeland meld dat braillekandidate aangemoedig moet word om hul gesigsreste te gebruik in situasies waar dit vir hulle van waarde kan wees. Dië Komitee wys byvoorbeeld daarop dat in skole vir blindes in Engeland nie veel gedoen word om braillekandidate te leer skryf nie, behalwe dat kinders geleer word om hul name te teken en vervolg: *"Many children may have sufficient vision to write and they should be encouraged to write if at all possible."* (p. 66).

Vaughan (1966) noem dat 'n skool vir blindes die oorblywende visuele vermoë van die blinde kind nie mag onteien of negeer nie, *" ... want vir hom is sy gesig 'n waardevolle besitting, eintlik 'n prestasie. Die doelstelling van die skool vir swaksiendes om onder andere waarde te heg aan die gesig en om alles in werking te stel om die interpreteer van visuele sensasies te verbeter, moet aan sy nuwe skool met dieselfde doelgerigtheid voortgesit word"* (p. 116). Hy noem verder dat braillekandidate met bruikbare gesigsreste geleentheid gegee moet word vir die beoefening van kuns in die vorm van teken- en verfwerk, vir die lees van groot swartdruk en vir verdere oefening in gewone handskrif. Ook moet braillekandidate aangemoedig word om van hulle oorblywende gesigsvermoë gebruik te maak tydens die aanbieding van vakke soos Rekenkunde, Aardrykskunde (onder andere deur gebruikmaking van gekleurde kaarte met groot swartdruk), Geskiedenis en Natuurstudie. Wat betref die aanbieding van leerinhoude deur medium van beide die visuele en die taktuele, moet hier egter gewys word op die waarskuwing teen die praktyk om die jong braillekandidaat (grensgeval) gelyktydig in brailleskrif en gewone skrif te onderlê. Vaughan (1966) verwys soos volg na die verslag Blind Children, Degree of Vision, Mode of Reading wat in 1961 in die VSA uitgegee is: *"Many educators contend that teaching both print and braille to children in the primary grades before they have mastered one skill tends to bring about confusion and academic retardation"* (p. 113).

### 6.3.1.2 Die saamgroepering van braillekandidate en swaksiende leerlinge

Verbandhoudend met voorafgaande bespreking van die gebruikmaking van hul gesigsreste deur braillekandidate, ook in die klaskamersituasie, is die saamgroepering van braillekandidate en swaksiendes in dieselfde klaskamer. Volgens die School for Visually

Handicapped Children te Bridgend (Glamorgan) en die St. Vincent's School for Blind and Partially Sighted te Liverpool is daar sekere voordele verbonde aan die praktyk om braillekandidate wat reeds braille bemeester het, en swaksiendes in dieselfde klasgroep te onderrig (kyk 5.3.1.2 a), en ondervind hulle nie besondere pro= bleme in hierdie verband nie. (Hierdie praktyk het in besonder op grensgevalle betrekking, dit wil sê braillekandidate met bruik= bare gesigsreste.) Die saamgroepering van hierdie twee kategorieë leerlinge stel die leerling in die geleentheid om in die een leer= situasie, byvoorbeeld tydens die aanbieding van Wiskunde, van sy gesig gebruik te maak, terwyl hy in 'n ander (byvoorbeeld onaf= gebroke leeswerk) van braille gebruik kan maak. Ook aktiveer die alternatiewe gebruikmaking van visuele en taktuele metodes van aanbieding die braillekandidaat om steeds te "probeer om te sien". Hierdie volgehoue gerigtheid op die moontlike gebruik van sy ge= sigsreste, kan vir die braillekandidaat ook in ander skoolaktiwi= teite, asook tydens sy latere beroepsbeoefening en oriëntering in 'n siende gemeenskap van besondere waarde wees. Sodanige bena= dering impliseer dat die braillekandidaat (grensgeval) nie tot 'n spesifieke medium (die gebruik van braille) gepredisponeer word nie, maar dat die medium van onderrig ooreenkomstig die moontlik= hede (gesigsvermoë) van die leerling aangewend word.

### 6.3.1.3 Die inskakeling van braillekandidate aan skole vir blindes in klasse vir normaalsiendes aan gewone skole

Aan sekere skole vir blindes in Engeland, Nederland en Italië be= staan daar die praktyk om geselekteerde blinde leerlinge vir die aanbieding van sekere vakke in klasse vir normaalsiende leerlinge aan naburige skole in te skakel. Sedert 1961 gaan geselekteerde blinde leerlinge van die St. Vincent's School for the Blind te

Bridgend na plaaslike akademiese hoërskole (Grammar Schools) vir die aanbieding van sekere akademiese kursusse. 'n Onderwyservoor= ligter is onder andere verantwoordelik vir hulpverlening spesifiek aan hierdie leerlinge (Great Britain, 1972, p. 37). Ook enkele blinde meisies van Chorleywood College wat reeds 'n matrikulasie= sertifikaat (Ordinary Level General Certificate of Education) ver= werf het en met die oog op toetrede tot 'n universiteit verdere gevorderde studie (Advanced Level Studies en Entrance and Scholas= ship Papers) onderneem, gaan vir sekere kursusse na naburige aka= demiese hoërskole vir normaalsiende leerlinge (RNIB, 1971c, p. 2).

Die rede vir die inskakeling van blinde leerlinge in klasse aan skole vir normaalsiende leerlinge is tweërlei. In die eerste plek word sekere kursusse nie aan skole vir blindes aangebied nie. Ten tweede stel sodanige inskakeling die blinde leerling in die ge= leentheid om saam met siendes te verkeer en te werk, wat hul late= re sosiale oriëntering as studente en beroepsbeoefenaars vergemak= lik.

### 6.3.2 DIE LEERINHOUD AAN SKOLE VIR BLINDES IN VERGELYKING MET DIÉ AAN SKOLE VIR NORMAALSIENDES

In drie skole vir blindes in België, een in Nederland en een in Italië word spesifiek gepoog om die leerinhoude van die verskil= lende vakke nie drasties te laat afwyk van dié wat in skole vir normaalsiende leerlinge aangebied word nie. In België byvoorbeeld word die sillabusse wat in skole vir blindes aangebied word, deur die departement van onderwys gemodereer en goedgekeur om te ver= seker dat sowel die standaard as die inhoudelike voldoen aan seke= re vereistes wat aan die leerinhoud vir normaalsiendes gestel word (kyk bylae B, v. 2.7 en bylae D). Ook in die VSA volg feitlik alle skole vir blindes in wese dieselfde studiekursusse as dié in openbare skole vir normaalsiendes, ten spyte van aanvanklike

teenstand teen vakke soos Chemie en Fisika (Lowenfeld, 1967a, p. 202). Deur sodanige praktyk word gepoog om te verseker dat blinde skoolverlaters wel sal kan voldoen aan die eise wat aan tersiêre onderwysinrigtings, asook in die beroepswêreld gestel word.

### 6.3.3 EKSAMINERING EN SERTIFIKAATUITREIKING

In *België* vind die eksaminering van leerlinge aan skole vir blin=des hoofsaaklik intern plaas. Die eksamenvraestelle word egter wel deur die onderwysowerhede gemodereer en die sertifikate wat deur dié skole toegeken word, word dan ook as gelykwaardig beskou aan sertifikate wat deur normaalsiende kinders verwerf word (kyk bylae B, v. 2.7).

Aan nie-akademiese sekondêre skole in *Engeland* is, wat betref die interne CSE-eksamen (Certificate of Secondary Education), die ver=gunning verleen om die eksamenvraestelle te baseer op sillabusse wat spesifiek saamgestel is om aan 'n besondere skool se vereis=tes te voldoen in die lig van wat dié skool met die kinders wil bereik. Sekere sekondêre skole vir blindes in Engeland skyn eg=ter onwillig te wees om van hierdie vergunning gebruik te maak. Hierdie onwilligheid spruit blykbaar uit die vermoede dat poten=siële werkgewers, asook ander belanghebbende persone van mening sal wees dat spesiale vergunning gemaak is ten aansien van die standaard van die werk wat van blindes verwag word. In hierdie verband laat die Vernonkomitee (1972) hom soos volg uit: *"These fears are mistaken since external moderators ensure that standards are high"* (Great Britain, 1972, p. 79). Die Komitee beveel dan ook aan dat die voordele van hierdie eksamenstelsel ernstig deur skole met die oog op implementering, oorweeg moet word.

Aan die twee akademiese skole (Grammar Schools) vir blindes in

Engeland kan leerlinge die General Certificate of Education (GCE) verwerf. Hierdie sertifikaat kan op een van drie vlakke verwerf word, naamlik gewone vlak (O-level), gevorderde vlak (A-level) en universiteitstoelatingsvlak (Entrance and Scholarship Papers). Blinde leerlinge wat van plan is om hul studies aan 'n universi= teit voort te sit, vertoef in die reël vir 'n addisionele studie= jaar op skool (RNIB, 1971c, p. 2; Brown, 1967, p. 82). Met die toestemming van die eksamenrade word aan blinde kinders meer tyd as aan normaalsiendes toegelaat vir die aflegging van die eksamens en blindes mag ook sekere alternatiewe metodes gebruik om hul antwoorde te verstrek (Great Britain, 1972, p. 79).

## 6.3.4 ONDERWYSPROGRAMME VIR MEERVOUDIGGESTREMDE BLINDE KINDERS

a. In *Engeland* word meervoudiggestremde blinde kinders (waaronder verstandelik vertraagde blinde kinders) in afsonderlike skole saamgetrek (kyk 5.3.2.2). Aan die Rushton Hall School te Kettering wat vir junior meervoudiggestremde blinde kinders (sewe- tot twaalf= jariges) voorsiening maak, word 'n algemeen vormende onderwyspro= gram aangebied en die kurrikulum omvat handwerk (pottebakkery, houtwerk en rottangwerk), musiek, braille-onderrig, liggaamlike opvoeding (gimnasiumaktiwiteite en swem) en mobiliteitsonderrig. Die sosiale oriëntering van die leerlinge word sterk beklemtoon en daar word gepoog om hulle, sover as wat dit moontlik is, vir 'n selfstandige bestaanswyse voor te berei (RNIB, 1970b, pp. 1-5).

Van hierdie skool word leerlinge na die Condover Hall School te Shrewsbury vir senior meervoudiggestremde blinde kinders (twaalf- tot sewentienjariges) oorgeplaas. Die kurrikulum aan hierdie skool is ook praktiesgerig. Ten tye van skoolverlating word dié leerlinge wat oor die moontlikhede beskik om tot 'n beroep in die ope arbeid toe te tree, na sentra vir beroepsvoorligting en

beroepspotensiaalevaluering oorgeplaas (kyk 7.3.5). Ander word in beskutte werkswinkels opgeneem, terwyl dié kinders wat nie tot beroepsbeoefening in staat is nie, in inrigtings opgeneem word waar hulle by uitstek versorg word (RNIB, 1971d, pp. 1-4).

b. Aan die Koninklijk Instituut Spermali voor Blinde en Slecht= ziende Meisjes en Jongens te Brugge (*België*) word verstandelik vertraagde blinde kinders reeds gedurende hul aanvangsjare in die primêre skool na 'n afsonderlike afdeling oorgeplaas. Die onderwysprogram is praktiesgerig en die onderrig geïndiwiduali= seerd. Op ongeveer dertienjarige ouderdom word leerlinge uitge= plaas vir opleiding in 'n handvaardigheidsrigting. Die meerder= heid van hierdie leerlinge word later in beskutte werkswinkels opgeneem. Aan twee skole vir blindes te Brussel word op ooreen= stemmende wyse vir verstandelik vertraagde blinde kinders voorsie= ning gemaak (kyk bylae B, v. 2.1).

c. Die *problematiek* van die meervoudiggestremde blinde kind, en in besonder van die verstandelik vertraagde blinde kind, het die afgelope aantal jare, veral weens die vermeerdering in hul getalle, al sterker op die voorgrond getree (kyk paragraaf 1.2). In Augus= tus 1967 is die volgende resolusie dan ook deur die Vierde Vyfjaar= likse Konferensie van die International Council of Educators of Blind Youth (ICEBY), wat aan die Perkins School for the Blind te Watertown (Massachusetts, VSA) gehou is aanvaar: *"In view of the increasing numbers of multiple handicapped blind children, the ICEBY urgently calls to the attention of all governments the spe= cial needs of these children and requests their assistance in meeting these needs by the support of facilities for them"* (Myers, 1967, p. 276). Wat betref die aard van die onderwys en opleiding wat in die lig van hul spesifieke gestremdheid, en van die grense waarbinne hulle hul as volwassenes sal moet uit= leef, aan hierdie kinders aangebied moet word, verwys Peach (1966)

soos volg na die woorde van Jessie Mayshark. *"Obviously it would be the ideal procedure to require of these retarded pupils only such learning as will actually function in their life experience, to train them only in the tasks which they will perform either as a means of earning a livelihood or for their own pleasure and satisfaction, to direct their attention only to those interests which are certain to retain significance for them as the years go by"* (p. 82). Die onderwys en opleiding van hierdie kinders moet dus spesifiek op hul lewenspraktyk gerig wees, dit wil sê op wat vir hulle bevatlik is, en in hul leefwêreld vir hulle be=tekenisvol is.

## 6.4 SAMEVATTING

a. Sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria laat blinde leerlinge van ongeveer vyfjarige ouderdom af tot 'n *voorbereidende klas* toe waar hulle as heterogene groep wat betref kognitiewe, affektiewe en selfstandigheidsontplooiing, vir toetrede tot meer formele onderrig voorberei word. Die tyd=perk wat blinde kinders in die voorbereidende klas deurbring, dien in besonder ook as evalueringstydperk en word daar gepoog om vas te stel in watter mate 'n ontplooiingsagterstand aan pedagogiese verwaarlosing, gebrekkige opvoedingskennis van die ouers of ver=standelike vertraging toegeskryf kan word. Die buitemuurse pro=gram van hierdie blinde kinders is in besonder op die bevordering van hulle werklikheidsoriëntasie, sosialisering en mobiliteit toe=gespits.

b. Aan die Prinshofskool word graad 1- en graad 2-leerlinge gesa=mentlik onderrig, terwyl leerlinge in die voorbereidende klas en leerlinge in substanderd A aan die Skool vir Blindes in dieselfde *klasgroep* onderrig word. Blinde en swaksiende leerlinge aan die Skool vir Blindes word in standerds 7 tot 10 in dieselfde klasgroepe

saamgegroepeer. Die oprigting van 'n afsonderlike afdeling vir swaksiende leerlinge is egter reeds deur die Departement van Na= sionale Opvoeding goedgekeur.

Swaksiende leerlinge en braillekandidate (in besonder grensgeval= le) word aan enkele skole vir blindes in Engeland in dieselfde klasgroepe onderrig. Sodoende word braillekandidate met bruik= bare gesigsreste nie tot 'n spesifieke medium gepredisponeer nie, maar in die geleentheid gestel om van sowel die visuele as tak= tuele as medium gebruik te maak.

c. Afgesien van die onderrig van brailleskrif en van tik vanaf standerd 4, stem die *sillabusse en kurrikula* wat in die verskil= lende standerds van die primêre en sekondêre afdelings van skole vir blindes in die RSA aangebied word, ooreen met dié wat aan skole vir normaalsiendes aangebied word. Waar nodig, word egter wel sekere aanpassings of wysiginge van leerinhoude gemaak. Ook aan dié skole vir blindes in Engeland, België, Nederland en Italië waaroor inligting ingewin is, word nie drasties afgewyk van silla= busse wat aan skole vir normaalsiendes aangebied word nie.

d. Aan die Prinshofskool en die Skool vir Blindes vind daar binne klasverband wel 'n sekere mate van differensiasie plaas in die *aanbieding* van leerinhoude. Sodanige differensiasie geskied by wyse van indiwiduele aandag aan leerlinge; intraklasgroepering; die wisseling van die tempo van vordering van verskillende groepe leerlinge; die uitskakeling van moeiliker gedeeltes van die leer= inhoud vir swakker kandidate en die aanmoediging van braillekandi= date om, veral in die vak Wiskunde, bruikbare gesigsreste te ge= bruik. Voorts gee die aanbieding daarvan blyke dat hulpmiddels op 'n verantwoorde wyse ingeskakel word; die selfstandigheidsont= plooiing van die jong blinde leerling vooropgestel word, en in 'n sekere mate 'n eksamengerigte benadering gevolg word.

Wat betref die praktyk aan sekere skole vir blindes in oorsese lande, is gewys op die beklemtoning van die noodsaaklikheid van die indiwidualisering van die onderwys, en dat braillekandidate aangemoedig moet word om, indien moontlik, hul gesigsreste in die klaskamersituasie te gebruik. Enkele skole plaas braillekandi= date vir die deurloping van sekere kursusse, na naburige skole vir normaalsiende leerlinge oor.

e. Afgesien van die eksaminering van sekere vakke aan die einde van standerd 10, vind alle *eksaminering* intern plaas met eksterne moderering deur die Departement van Nasionale Opvoeding. 'n Mate van differensiasie word wel tydens eksaminering toegepas deurdat eksamenvraestelle in 'n stygende graad van moeilikheid opgestel word en sekere toegewings by die aflê van eksamens vir blinde leerlinge gemaak word. Skole vir blindes in Engeland word aange= moedig om van sekere toegewings by die aflê van eksamens gebruik te maak.

f. Tot en met standerd 9-vlak vind die *bevordering* van leerlinge aan skole vir blindes in die RSA intern plaas. Daar is wel van gedifferensieerde bevordering sprake aangesien bevordering nie bloot op 'n eksamenpunt berus nie, maar op grond van 'n verskeiden= heid aspekte wat in aanmerking geneem word. Die matriekresultate van die Skool vir Blindes is besonder bevredigend en vergelyk goed met dié van skole vir normaalsiende leerlinge.

g. Blinde leerlinge met 'n skolastiese agterstand word na *Aan= passingsklasse* oorgeplaas waar hulle remediërende onderrig ont= vang. Die heterogeniteit van hierdie leerling en die diverse aard van die onderrigtaak in hierdie klasse bemoeilik egter die onder= rigtaak. Leerlinge wat nie uit die gewone onderwysprogram voor= deel kan trek nie, word na *Hulpklasse* oorgeplaas vanwaar hulle op ongeveer sestienjarige ouderdom na die Vakafdeling vir opleiding in 'n handvaardigheidsrigting oorgeplaas word.

In drie skole vir blindes in België word in 'n afsonderlike afde= ling vir 'n algemeen vormende onderwysprogram vir verstandelik vertraagde blinde leerlinge voorsiening gemaak. Vanaf ongeveer dertienjarige ouderdom ontvang hulle ook spesifieke handvaardig= heidsopleiding. In Engeland waar daar in afsonderlike skole vir meervoudiggestremde blinde kinders voorsiening gemaak word, word aan leerlinge tot by skoolverlating 'n algemeen vormende onder= wysprogram aangebied wat spesifiek op die nood van hierdie kinders afgestem is.

h. Afgesien van die gewone sekondêre onderwysprogram, word aan die Skool vir Blindes ook vir *voortsettingsklasse* voorsiening ge= maak. Aan leerlinge, asook ander persone wat vak- of beroepsoplei= ding deurloop, word onderrig in die twee amptelike tale, Braille= skrif, Tik, Wiskunde, mobiliteit en oriëntasie aangebied.

i. In 1971 het die Minister van Nasionale Opvoeding in sy beleids= aankondiging sekere riglyne aangaande 'n nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys uitgestippel. Hierdie stelsel is 'n poging om te verseker dat die kwalitatiewe ongelykheid van kinders in die onderwys in ag geneem sal word, asook dat die onderwys in harmonie met die mannekragbehoeftes van die land sal geskied. Daar is egter op gewys dat gedifferensieerde onderwys vir blinde kinders, afgesien van die onderlinge verskille tussen hulle, ver= al ook in die lig van die besondere lewenswerklikheid van die blinde beplan moet word.